**Die stand van Afrikaans aan die Universiteit Stellenbosch**
Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier
Gepubliseer in *Die Burger*, 20 Maart 2010

---

Taal is – heel verstaanbaar – ’n saak waaroor emosies soms hoog loop.
Maar dit is jammer dat die posisie van Afrikaans aan die US só verpolitiseer geraak het dat dit die uiteenlopende eise en kernvraagstukke waarmee die US moet rekening hou, oorskadu.
Die uitsprake in die media doen die saak van Afrikaans geen goed nie en verwar net ouers en voornemende studente. Vir ons is dit egter belangrik om koelkop te bly in die soeke na pragmatiese oplossings vir ’n komplekse aangeleentheid.

**Verklaarde strewe**
Waaroor daar nie twyfel moet wees nie, is die US se verklaarde strewe tot die gebruik en volgehoue ontwikkeling van Afrikaans as akademiese taal in ’n meertalige konteks.
Gegewe al die tersaaklike oorwegings – moreel, sosiaal-polities, waaronder die bevordering van toeganklikheid, ensovoorts – het die US-raad ná uiteenlopende gesprekke oor ’n voorgraadse taalmodel vir die US einde November ’n voorstel aanvaar vir die handhawing van ’n minimum aanbod voorgraads van 60% in Afrikaans.
Die model en die berekeninge is met die deelname van raadslede, waaronder die visepresident van die konvokasie, geformuleer. Op die vermelde raadsvergadering was dit ook sy substantiewe voorstel vir die handhawing van ’n minimum aanbod van 60% in Afrikaans vir die afsienbare tyd wat deur die raad aanvaar is.
Die gedeelde begrip van die raad is dat dit die minimum grens verteenwoordig (nie die maksimum nie) en dat die bestuur die verantwoordelikheid het om dit nougeset te bestuur. Die bestuur het hom reeds hiertoe verbind en die nodige geld daarvoor beskikbaar gestel.
Dit waarborg die posisie van Afrikaans in die voorgraadse leerplan en stel die universiteit in staat om met integriteit aan voornemende studente en hul ouers te kan sê dat ’n student aan die US voorgraads in sy moedertaal kan studeer, maar met blootstelling aan Engels ook in die leersituasie.
Dat dié eerlike en verantwoordbare benadering ter wille van effektiewe leer en dienslewering aan al ons studente gekonstrueer word as “ ’n minimalistiese plek vir Afrikaans”, is niks anders nie as ’n poging om mense met die feite te verwar.
Ewe onaanvaarbaar is die manier waarop eerlike en pragmatiese pogings om oplossings vir die voorgraadse aanbod te soek, aangewend word om nagraadse studie te betrek en so die redenasies oor die “minimalistiese plek van Afrikaans” groter regverdiging te gee. Laat staan nog die aantyging dat die posisie van Afrikaans “stilweg” weggekalwe word. Asof die besluite van die raad in groot geheimhouding geskied.

**Toeganklikheid**
Oor die bevordering van toeganklikheid tot die US net die volgende:
Hoewel Afrikaans die huistaal van die meeste bruin mense in ons voedergebied is, is die deelnamekoers aan hoër onderwys van bruin skoolverlaters op die platteland, waar Afrikaans relatief sterk is, uiters laag.

En stedelike bruin skoolverlaters verkies meestal Engels as onderrigmedium, hoewel hul leefwêreld oorwegend Afrikaans is. Volgens sosioloë lees 74% van hulle byvoorbeeld Afrikaanse koerante en boeke.

**Afrikaans in lesingsaal**

Maar om terug te keer tot die hantering van Afrikaans in die lesingsaal:

Die praktiese toepassing van taalhandhawing in die klas is uiteraard ingewikkeld en vereis noukeurige bestuur, maar ons is oortuig dat die manier waarop ons dit aan die US doen die beste manier is om al die akademiese en ander eise van die universiteit op gebalanseerde en verantwoordelike wyse te hanteer.

Daar is internasionaal 'n neiging in die rigting van meertaligheid op tersiêre vlak. In Europa vind dit veral plaas as uitvloeisel van die Bologna-ooreenkoms van 1999 wat 'n eenvormige raamwerk vir hoër onderwys in Europa vestig en groter studentemobiliteit meebring. Engels word nou toenemend gebruik om internasionale studente te akkommodeer.

'n Meertalige onderrigmodel hou die voordeel in dat dit studente die geleentheid gee om in hul sterkste taal – hul moedertaal of hoofskooltaal – te studeer en terselfdertyd blootstelling aan 'n tweede taal te kry.

Behalwe die praktiese voordele van meertaligheid in die samelewing, hou meertaligheid ook kognitiewe voordele in. Die denkprosesse wat met meertaligheid gepaard gaan, bevorder denkvaardighede.

Om te verstaan hoe meertalige onderrig in die praktyk werk, kan gekyk word na die benadering wat in die US se fakulteit lettere en sosiale wetenskappe gevolg word.

'n Bepaalde vak se drie hooflesings per week word tweetalig aangebied, dus in Afrikaans en Engels (met 'n minimum van 50% Afrikaans). Engelstaliges se reseptiewe luistervaardighede in Afrikaans word sodoende ontwikkel, en andersom.

J Bykomende tutoriale klasse of seminare vind in parallelmedium plaas, dit wil sê afsonderlike groepe studente wat óf in Afrikaans óf in Engels (waar moontlik selfs in Xhosa) onder leiding van 'n tutor die vakinhoud van die week hersien en bespreek. Aktiewe praat- en skryfvaardighede in die sterkste taal (of moedertaal) word sodoende versterk.

Die vermelde model is net een van talle onderrigmedium-variasies aan die US. Meertaligheid vind in verskillende grade plaas, en internasionale kenners is dit eens dat 'n genuanseerde benadering verkieslik is.

**Kar voor perde inspan**

Om universiteite uitsluitlik vir die handhawing van Afrikaans as onderrigmedium verantwoordelik te hou, is soos om die kar voor die perde in te span.

Ons kan diens in Afrikaans lewer mits die aanvraag konsekwent daar is. Afrikaanssprekendes moet in Afrikaans wil kom studeer, en ons is bekommerd oor die dalende tendens wat ons hier bespeur. Die aantal skole wat slegs Afrikaans as onderrigmedium volg, neem klaarblyklik af.

Daarteenoor vind ons dat die persentasie wit en bruin Afrikaanse studente wat in Afrikaans én Engels wil studeer, skerp toeneem. Ons siening is dat dit 'n generasie is wat uit dubbelmedium- en parallelmedium-skole kom.

Aan die US streef ons daarna om 'n tuiste vir almal te wees wat hier wil studeer.

Ons is ernstig oor die herstel van sosiale geregtigheid én die bevordering van Afrikaans. Die twee strewes is nie onversoenbaar nie.

-o0o-